11.
Dawid en Absalom

Vooraf

Dawid het baie vrouens en baie kinders gehad. Miskien het sy seuns soms gewonder wie eendag, na Dawid se dood, die nuwe koning sou word. Elkeen het seker gehoop dat Dawid hom sou salf om die volgende koning van Israel te word. Een van Dawid se seuns, Absalom, het veral gehoop dat hy eendag op die troon sou sit.

Vertel, vertel!

Absalom was 'n baie mooi man. Die Bybel vertel dat hy sekerlik die mooiste man in die hele Israel was. Oral het mense van dié mooi, jong man gepraat. Hy het ook 'n pragtige bos hare gehad waarop baie mense jaloers was! Aan die einde van elke jaar moes hy die bos hare afskeer omdat dit so swaar geraak het. Hierdie bos afgeskeerde hare het 'n volle twee kilogram geweeg!

"Ek sal darem 'n goeie koning wees," het Absalom gemeen. Miskien sal ek kan koning word as almal in die volk van my hou. Daarom het Absalom vir hom 'n kar met perde aangeskaf. Hy het met sy kar en perde deur die strate gery terwyl 50 mans voor hom uithardloop. Almal moes hom raaksien! Soggens vroeg het hy by die stad se groot hek gaan staan om te kyk watter mense na die koning kom met probleme waaroor hy moes besluit. Absalom het met die mense gepraat en vir hulle gesê: "Jy het 'n baie sterk saak en iemand moet jou beslis help, maar by die koning sal niemand na jou luister nie. Ai, as ek maar die regter in hierdie land was sou ek jou beslis kon help." Dan het Absolom ook sy arms om die persoon

geslaan en hom met 'n soen gegroet. Sommer gou het almal in Israel van Absalom gehou.

Vier jaar het verbygegaan en al hoe meer mense het van Absalom gehou. Toe beraam hy nog 'n slinkse plan. "Ek wil graag vir die Here 'n offer bring," het Absalom vir die koning gesê. Die koning het ingestem en Absalom het 'n klomp mense uitgenooi om saam met hom te gaan. Ook het hy boodskappers na al die groepe in Israel gestuur. "Wanneer julle die ramshorings hoor moet julle sê: 'Absalom is die nuwe koning.'" Die groep mense wat saam met Absalom gegaan het, het niks van hierdie planne geweet nie. Hulle het mos gedink dat hy 'n offer gaan bring! Selfs Dawid se raadgewer het saam met Absalom gegaan.

Toe Dawid hoor dat Absalom as koning gesalf is, het hy geskrik. "Kom, ons moet vlug," het hy vir almal in die paleis beveel. "As dit is wat Absalom wil doen, sal hy ons mos almal wil doodmaak." Dawid en al sy vrouens en slawe het sommer te voet uit die paleis gevlug. Dit moes darem baie sleg gewees het, Dawid was nie eers seker of hy weer sou teruggaan nie! "As die Here nie meer met my tevrede is nie, is dit goed so," het Dawid gesê. "Dan moet Hy maar met laat gebeur wat Hy wil." *(Wag 'n oomblik.)*

Terwyl Dawid gevlug het, was Absalom op pad na Jerusalem waar hy as koning wou gaan bly. Absalom het planne beraam om vir Dawid, sy eie pa, dood te maak sodat hy dadelik koning kon word. Maar God was nie met Absalom se planne tevrede nie en het sy planne deurmekaar gemaak. God wou steeds hê dat Dawid die koning oor sy volk moes wees.

Dawid het begin om sy manskappe op te stel. Hulle moes gereed maak vir die oorlog. Dawid het nie self saamgegaan nie. Hy sou by die stad se hek wag vir nuus. "Werk asseblief saggies met my seun, Absalom," het Dawid vir sy offisiere en soldate gesê. "Moet asseblief tog nie my seun, Absalom, seermaak nie."

Sommer gou het Dawid se manskappe die oorhand gekry. Op die eerste dag het hulle al duisende van Absalom se leër doodgemaak. Absalom was ook deel van die oorlog. Terwyl hulle nog besig was om te veg, het Absalom vinnig op sy donkie deur 'n bos gejaag. Sy pragtige, lang hare het egter aan die takke vasgehak. Die donkie het aangehou hardloop en vir Absalom gelos waar hy so 'n ent bo die grond gehang het. Dit maak nie saak hoe hy gespartel het nie, Absalom was vas. Sy hare was heeltemal vasgekoek en hy kon homself nie weer daar afkry nie. Hier het een van Dawid se soldate hom gekry en hom doodgemaak. *(Wag 'n oomblik.)*

Dawid het steeds by die stad se poort gewag. Skielik kom daar 'n man aangehardloop. "O koning, ek het goeie nuus," het die man gesê. "Ons het die oorlog gewen." "Hoe gaan dit met my seun Absalom?" wou Dawid dadelik weet. "Ek weet nie," het die man geantwoord.

'n Rukkie later het daar nog 'n boodskapper aangekom. "Die Here het ons gehelp," het die man opgewonde gesê. "Ons het die oorlog gewen." Maar Dawid was nog steeds nie opgewonde nie. "Gaan dit goed met my seun, Absalom?" is al wat die koning wou weet. "U seun is dood," het die boodskapper gesê,

Dawid was so hartseer toe hy dit hoor. Hy het bitterlik gehuil en oor Absalom getreur – soos 'n pa oor sy seun. "Ag, kon ek maar eerder in jou plek sterf," het die hartseer koning Dawid gesê.

Die opstand was verby. Koning Dawid het weer teruggegaan na die paleis en weer as koning regeer. Dit was nie God se plan dat Absalom moes koning word nie. Koning Dawid het nog vir jare daarna regeer en die Israeliete in baie oorloë gehelp. Hy was 'n goeie koning en was gehoorsaam aan die Here.

Vertel weer

Laat die kinders die verhaal weer 'n keer vertel deur dit te dramatiseer. Kies iemand om Dawid, Absalom en die soldate te wees.

Kom ons dink saam

1. Hoe het Absalom te werk gegaan om seker te maak dat hy die koning sou word?
2. Dink jy dat Absalom mense gebruik het om sy doelwit te bereik? Hoekom sê jy so?
3. Hoe het Dawid reageer toe hy hoor dat Absalom as koning gesalf is?
4. Hoe het Dawid oor Absalom gevoel?
5. Absalom het duidelik nie saamgestem met hoe sy pa dinge doen nie. Hoe het hy dit benader?
6. Op watter ander manier sou hy die verskille tussen hom en sy pa kon hanteer?
7. Wat was die uiteinde van Absalom se opstand?
8. Hoe het Dawid gevoel toe hy die nuus hoor? Wat leer dit vir ons van Dawid?
9. Hoekom was Absalom ten spyte van al sy harde werk nie suksesvol nie?

Ontdek en leer:

- ✓ Gaan lees hierdie verhaal in 2 Samuel 15 en 18.
- ✓ Wat beteken dit om aan jou ouers gehoorsaam te wees? Wat kan jy doen as jy nie met hulle saamstem nie?
- ✓ Leer en onthou: *"Kinders wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis."* Efesiërs 6 vers 1
- ✓ Bid elke dag: *"Help my om U te eer deur aan my ouers gehoorsaam te wees."*